

# My Wil

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B302B

Skriflesing uit Lukas 6:1-11 en Jo. 7:17

Kernvers: Jo.7:17 – ‘As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek.’

Een van die tekens van onvolwassenheid is dat jy altyd iemand anders die skuld gee – nooit jyself nie. Die Here kom by Adam in die tuin van Eden en roep na hom en vra waar is jy Adam? Dadelik konfronteer Adam vir God en sê: dis die vrou wat U my gegee het. Eva op haar beurt blameer die slang.

Liewe luisteraar, so sien ons dit ook in die wêreld – dit is altyd iemand anders se skuld. Daarom is dit so belangrik dat ons op die plek sal kom waar ons sal sê: Here, ek het gesondig, Here ek is skuldig. Maar hoekom sondig ek dan so en hoekom is ek skuldig?

Die Woord sê: Die oordeel moet begin by die huis van God en so wil die Here eerstens met Sy kinders praat en as ons dáár regkom, dan kan die Here ons gebruik om in die wêreld God se instrumente te wees.

God het so deur Sy profete gewerk want hulle was toegewyde manne van God. So het dit ook in die eerste kerk gewerk, want dit was ‘n heilige kerk. Die vrees van God was op daardie mense – hulle kon sondes openbaar, siekes gesondmaak, selfs dooies opwek.

Die gelowige se probleem is dat hy voel dat hy nie weet wat God wil hê dat hy moet doen nie. Wat is die wil van God? En wat moet my wil dan in die saak wees?

As ons eerlik wil wees sal ons hierdie groot geheim in ons lewens ontdek nl. dat ons grootste swakheid ons eiesinnigheid is. Ons weet eintlik baie goed wat God van ons verwag, maar ons wil dit nie doen nie, omdat ons nog nie ons ‘wil’ aan Hom oorgegee het nie.